

Habitat vir Swartrenosters

'N KLIP IN DIE EKOBOOS



Teel met swartrenoster? Kies die regte area

Gert Fourie

Hul getalle was op 'n stadium so laag dat hulle as bykans uitgesterf beskou was. Die swartrenoster - 'n rare gesig op meeste wildplase en kleiner reservate en selfs op groter reservate waarvoor mens nie anders kan as om opgewonde te raak wanneer jy hulle teëkom nie. Hierdie kritiek skaars spesie, wat eens op 'n tyd volop was in 'n groot deel van Suid-Afrika, se getalle het nie net gekwyn weens wilddiefstal nie maar in die laat 19de en vroeg 20ste eeu ook weens verandering in hul habitat as gevolg van ontbossing en verhoogde brandfrekwensie in sommige dele.

In die natuur

Swartrenoster kom dikwels voor in areas waar 'n redelik digte boom- en struiklaag teenwoordig is, meesal in laerliggende of vlaktegebiede eerder as bergagtige gebiede.

Doringboomveld word verkies mits daar genoegsame laer-groeiende struik en kleiner bome teenwoordig is.

Swartrenoster is amper uitsluitlik blaarvreters en het 'n eenvoudige maagstelsel. In teenstelling met olifante wat bosse breek om by blare uit te kom, sal swartrenoster eerder die bos sny en snoei met hul skerp monddede. Soms word bosse omgebuig en gedruk om by blare uit te kom, maar hierdie aksie is nie so verwoestend soos dié van olifante nie.

Hoewel die swartrenoster van water afhanklik is, is hulle bereid om lang afstande van tot 25 km af te lê om water op te soek.

Die donker vel wat hulle het, word soms baie warm in die son en daarom soek hulle skaduwee op en hou daarvan om gedurende die dag in waterpoele en modderpoele te rol.

Op die teelplaas

Weens swartrenoster se gedrag om hoofsaaklik alleenlopend te beweeg en ook omdat hulle dikwels aggressief teenoor mekaar optree, is dit belangrik dat daar genoegsame spasie vir hulle is. Beskikbare habitat word per individu bereken en

die grootte hang baie af van die soort plantegroei wat voorkom. 'n Individue kan met so min as 500 hektaar klaarkom, maar die loopgebied is dikwels baie groter. Daarom is dit belangrik dat 'n behoorlike studie van die beskikbare habitat en toestande gemaak word en dat die plaas groot genoeg is voordat hierdie diere gevestig word. In uitsonderlike gevalle word klipperige areas benut, maar meestal word areas sonder klip verkies. Die belangrikste faktor in die keuse van 'n habitat is die struktuur van die veld.

Voeding en habitat

Swartrenoster kan 'n baie groot verskeidenheid plante benut, hoofsaaklik omdat hulle 'n baie hoë toleransie vir doringe en chemiese stowwe soos tannien in plante het. Om hierdie rede word daar selfs tot in die Waterberg (waar baie plante van chemiese beskerming gebruik maak) van hierdie diere suksesvol aangehou. Sommige plante met sterk melksappe soos Euphorbia tirucalli en Diplorhynchus condylocarpon word selfs volop benut.

Boomsamestelling

Hoewel 'n groot verskeidenheid plante benut word, bied 'n goeie verskeidenheid doringboomspeesies die beste opsie vir hierdie diere. Tambotie en sekelbos staan egter dikwels boaan die lys.

Belangriker as die spesiesamestelling van die boom en bos is die struktuur van die veld. 'n Relatief hoë biomassa bereikbare blare op laer hoogtes speel 'n belangrike rol en indien 'n groot aantal jong Acacias (doringboomspies) voorkom, is dit nog meer geskik vir swartrenoster.

Die vroeë stadium van bosverdigting skep baie geskikte toestande vir hierdie diere en daarom is teenstrydige veldbestuur dikwels nodig indien hulle aangehou gaan word. Gevorderde bosverdigting met hoër bome is nie geskik vir swartrenoster nie, en daarom moet die toestand gehandhaaf word deur soms van die bome af te sny. Meer natuurlike digte toestande is in hierdie geval ook baie beter en makliker om te bestuur as 'n area waar bosverdigting voorkom.

Veld met lang gras word vermy en daarom is 'n tipiese area met 'n houtagtig gedomineerde stratum meer voordelig as areas waar die gras dominant is en veldtoestand hoog is.

Watervoorsiening

Swartrenoster beweeg wel ver van water af en lê groot afstande af na water, tog sal hul gereeld water benut en verkies dit om gereelde van modderpoele en waterpoele gebruik te maak om af te koel. Om hierdie rede is dit belangrik om vir hulle natuurlike poele en gronddamme aan te bied in plaas van onnatuurlike krippe. Meer water is ook belangriker as te min en sa; definitief die drakrag vir hierdie diere verhoog.

Vuur

Gereelde vure kan voordelig én nadelig wees. Deur bome te beskadig, word nuwe hergroei van onder af gestimuleer, wat weer voeding na laer hoogtes af

bring vir hierdie diere. In teenstelling skep gereelde vure egter oop habitat, wat nie deur swartrenoster benut kan word nie en die habitat minder geskik maak. Die gebiede waarin swartrenoster beweeg, is dikwels relatief veilig met lae mortaliteite weens die lae biomassa graslaag, wat nie warm vure tot gevolg het nie.

Grootte van die kamp

Dit is beter om nie hierdie diere in te klein areas aan te hou nie – weens swartrenoster se gedrag kan dit gebeur dat sommige diere (veral bulle) gedood word sou daar druk vir benutting van die habitat wees. Die soort habitat speel 'n groot rol, maar verkieslik moet areas kleiner as 3 000 hektaar nie oorweeg word vir aanhou van swartrenoster nie. Hierdie is met ander woorde geensins 'n geskikte spesie vir intensiewe teelprojekte nie.

Die totale kapasiteit en belading van ander blaarvreters is ook belangrik in die oorweging van swartrenoster, hoewel hulle makliker saam met ander blaarvreters aangehou kan word weens hul wye voedselkeuse.

Gert en Nanette Fourie help grondeienaars al die afgelope 18 jaar met die aankoop van hul wildplase asook die optimalisering daarvan en is daarom gereeld betrokke by bestaande of nuwe telers se beplanning van kampe en stelsels. Hulle bou ook al 'n aantal jare passiewe vangbomas vir wild. Skakel hulle gerus by 082 929 5277 of epos na info@ekofocus.co.za. Kyk ook www.ekofocus.co.za.

Designed by Infnit8

